# DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG SE OPTREDE TYDENS OPERASIE SAVANNAH - RELEVANT OF 'N NOODSAAKLIKE ERGERNIS?

**Leo Barnard***

***Summary***

*Operation Savannah, in Angola, which lasted from October 1975 to March 1976, was the first big military operation in which armed forces from South Africa took part since World War II and the Korean War. The operation started with light armoured units, as well as elements of infantry and parachute troops. It quickly became apparent that this type of operation, conducted without the active support of the SAAF, would be doomed to failure on a grand scale. With this the foundation for co-operation between the ground forces and the airforce within the South African Defence Forces was cemented.*

Operasie Savannah wat vanaf Oktober 1975 tot Maart 1976 in Angola plaasgevind het, was in vele opsigte vir die Suid-Afrikaanse Weermag 'n nuutjie. Nie alleen was dit die eerste grootskaalse operasie sedert die Tweede Wêreldoorlog waaraan die Suid-Afrikaanse magte deelgeneem het nie, maar daar is juis tydens hierdie operasie waardevolle lesse geleer wat die Suid-Afrikaanse Weermag, maar dan meer spesifiek die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM), in die meer as 'n dekade en 'n half wat van die "grensoorlog"** sou oorbly, met vrug kon toepas. Voordat die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens operasie Savannah in besonderhede bespreek kan word, is dit nodig om net die nodige agtergrond aan die leser te verskaf.

Gebeure buite die grense van Namibië en selfs ook Angola, het direk daartoe aanleiding gegee dat die militêre konflik in die gebied verhewig het. Tot die eerste paar maande in 1974 kon die regering in Suid-Afrika staatmaak op die Portugese Eerste Minister, Marcelo Caetano se optrede in Angola. Die Portugese in die gebied het verseker dat PLAN (Swapo se People's Liberation Army for Namibia) nie vryelik na Namibië kon filtreer nie. Hulle kon Suid-Angola dus nie gebruik as 'n afspringplek of vir opleiding nie. Teen 1974 het die saak egter 'n ander wending

* Departement Geskiedenis, UV.

** Die begrip "grensoorlog" of bosoorlog het by die gemiddelde Afrikaner ontstaan tydens die militêre optrede van die Suid-Afrikaanse Weermag in Namibië en Angola, 1966-1989.

begin neem toe dit vir die Portugese duidelik geword het dat hulle nie langer teen vryheidsbewegings op drie fronte, naamlik in Angola, Mosambiek en Guinea-Bissau kon veg nie.[1] As armste land op die Europese Vasteland het Portugal hom op die rand van 'n totale ineenstorting bevind, daarom het die feit dat die Portugese regering op 25 April 1974 in 'n staatsgreep omvergewerp is, nie as so 'n groot verrassing gekom nie. Hiermee is die buffer van blank beheerde state, met die uitsondering van Rhodesië, ten noorde van Suid-Afrika verbreek en daarmee saam het die hele politieke en militêre scenario in die streek eensklaps verander.

Een van die eerste besluite van die nuwe Portugese regering was om sy Afrika-kolonies onafhanklik te maak. Sodoende sou die moontlikheid van Portugal se "Viëtnam" in Afrika beëindig word. Die besluit was verder om die gesag sonder enige verkiesing eenvoudig aan die sterkste rewolusionêre groep oor te dra, en wel op 11 November 1975. Vir Angola het hierdie besluit katastrofiese gevolge ingehou.[2]

Die drie swart nasionalistiese groepe in Angola, die MPLA, FNLA en UNITA het mekaar, in plaas van die Portugese, die stryd aangesê. Die interne stryd het midde-in die internasionale politieke arena beland toe Fidel Castro sy Kubaanse troepe in Januarie 1975 as surrogaatmagte van die Rooi Leër na Angola gestuur het. Groot hoeveelhede wapens het na die MPLA begin vloei.[3]

Om die saak van die FNLA en UNITA nog verder te bemoeilik, het die Portugese militêre en burgerlike regering in Angola aktief meegehelp om die gesag aan die MPLA oor te dra. Stiff verduidelik in sy werk **Nine days of war** die plofbare situasie wat uit Suid-Afrika se hoek gesien in Angola aan die afspeel was: "By August 1975, it was clear to all thinking people that a Soviet takeover of Angola, through their surrogates, was all but complete."[4] Dit is in hierdie stadium dat Jonas Savimbi, leier van UNITA, daadwerklik pogings aangewend het om die Republiek van Suid-Afrika aan sy kant by die militêre stryd betrokke te kry. Suid-Afrika se antwoord hierop was om militêre en logistiese steun aan UNITA te verleen. Dit het egter gou duidelik geword dat so 'n beperkte optrede van geen waarde was nie, want teen September van daardie jaar het die gesamentlike mag van die Kubane en

---

[1] WS van der Waals, **Portugal's war in Angola, 1961-1974** (Rivonia, 1993), pp. 224-30. Vgl. ook J Breytenbach, **They live by the sword. 32 Buffalo Battalion - South Africa's Foreign Legion** (Johannesburg 1990), pp. 11-8.

[2] **Ibid.**, pp. 250-7. Vgl. ook J Geldenhuys, **Die wit man. 'n Generaal se storie uit 'n era van oorlog en vrede** (Pretoria, 1993), pp. 39-42.

[3] **Ibid.**, p. 230. Vgl. ook S du Preez, **Avontuur in Angola. Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola, 1975-1976** (Pretoria, 1989), pp. 6-8; H Heitman, **War in Angola. The final South African phase** (Gibraltar, 1990), pp. 10-1.

[4] P Stiff, **Nine days of war and South Africa's final days in Namibia** (Alberton, 1991), pp. 14 ev.; J Breytenbach, **Forged in battle** (Kaapstad, 1986), pp. 1-5.

die MPLA elke strategiese dorp tussen Luanda en die grens van Suidwes-Afrika/Namibië beset.

Nadat die Amerikaanse regering in die geheim sy goedkeuring aan militêre bystand verleen het, het Suid-Afrika Angola op 14 Oktober 1975 met Taakmag Zoeloe ('n leërkontingent) binnegeval.[5] Die inval het in September 1975 begin toe 'n lid van die vyand deur 'n geskuthelikopter op die damwal van die Calueque by die Ruacana Waterval doodgeskiet is. Die taakmag is later versterk deur nog drie taakgroepe, naamlik Foxbat, Orange en X-Ray. Uitstekende militêre suksesse is behaal, hoewel die magte van die MPLA en die Kubane oor veel beter wapentoerusting beskik het. Binne 33 dae het die Suid-Afrikaanse magte 3159 kilometer in Angola ingedring.[6] Die taakmag was al binne sig van Luanda en besig om die artillerie op skoot te bring toe die besluit kom dat hulle uit Angola moet terugtrek. Die laaste van hierdie magte het die Angolese grondgebied op 27 Maart 1976 verlaat. Du Preez vat die aanvanklike doelwit met Operasie Savannah soos volg saam: "(Om) 'n (g)oedgesinde regering in Angola daar te stel wat nie SWAPO-basisse sou duld nie en sy land sonder kommunistiesgesinde Kubane sou regeer."[7]

Aan hierdie doelwitte het die operasie beslis nie voldoen nie, maar Suid-Afrika het, retrospektief gesien, nie juis 'n ander opsie gehad as om sy magte uit Angola terug te trek nie. Luanda kon maklik die Republiek van Suid-Afrika se Saigon word. Daarby het die Westerse lande Suid-Afrika in die steek gelaat en passief opgetree.

Tydens Operasie Savannah het die Suid-Afrikaanse Weermag vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog weer konvensioneel opgetree. Wat die militêre sy betref, het Suid-Afrika se magte uitstekend gevaar. Die operasie het rondom Kersfees 1975 sy grootste omvang bereik en toe was die sterktesyfer van die Suid-Afrikaanse troepe binne die grense van Angola die volgende: 231 offisiere en 2 476 ander range. Hierdie syfers sluit die lugmagkontingent in. Hulle het slegs 35 manskappe verloor in 'n operasie wat die regering R90 miljoen gekos het. Kommentators het die saak egter uit 'n heel ander hoek benader. 'n Paar van die gevolgtrekkings na Suid-Afrika se onttrekking uit die gebied is beslis nie vleiend nie. Dit wissel van "avontuur", "debakel", "katastrofe" en "war blunder" tot die Amerikaners wat gesê het: "Pretoria losing will to fight" en "South Africa may quit Angolan War."[8] Die **Sunday Times** het uit Johannesburg beweer: "(This was) an act of folly… a political and diplomatic debacle, a blunder for which the country has already paid dearly." Legum en Hodges kom in hulle bekende werk **After**

---

5 Du Preez, pp. 30-8.
6 FJ du T Spies, **Angola, Operasie Savannah, 1975-1976** (Pretoria, 1989), pp. 270 ev.
7 Du Preez, p. xii.
8 **Ibid.**, pp. 226-7. Vgl. ook **Sunday Times**, 1 Februarie 1976; C Legum, T Hodges, **After Angola. The war over South Africa** (Londen, 1976), p. 35.

**Angola** tot die volgende gevolgtrekking: "The Angola affair is the most traumatic in its (South Africa's) history since the Anglo-Boer War at the turn of the century." Die waarheid lê, wat Suid-Afrika betref, veel eerder in die feit dat die Carter-bewind die regering op die mees kritieke stadium in die steek gelaat het. Op 17 April 1978 het eerste minister PW Botha die sluier oor die gebeure gelig met die volgende verklaring in die Volksraad: "[Die Amerikaners] het ons in die steek gelaat .... [Die] storie moet oorvertel word van hoe ons, met hul medewete, ingegaan het, hoe ons, met hulle medewete in Angola opgetree het en hoe hulle ons aangemoedig het om op te tree. En toe ons byna die klimaks bereik het, is ons roekeloos in die steek gelaat deur 'n woord wat verbreek is."[9]

Om die optrede van die Suid-Afrikaanse Weermag in die algemeen op te som: Operasie Savannah is 'n sprekende voorbeeld van politieke besluite wat militêre bevelvoerders, op die grond in die gebied, dwing om binne dae van 'n wen-situasie in 'n hopelose, irriterende verloorpsigose in te gaan.

## 1. DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG SE OPTREDE TYDENS OPERASIE SAVANNAH

Dit is nou noodsaaklik om meer spesifiek die kollig te plaas op die rol en optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag in Operasie Savannah en 'n paar inleidende opmerkings is nodig. Die Suid-Afrikaanse Weermag en dan veral ook die Suid-Afrikaanse Lugmag se optrede in Angola tydens Operasie Savannah het as 'n hoogs klandestiene operasie plaasgevind - 'n mens sou byna kon sê dat dit geklassifiseer was as een van die optredes van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat uiters geheim was. Uit navorsing het die prentjie egter duidelik ontvou en is dit die name van die volgende senior offisiere, wat 'n deurslaggewende rol in die operasie speel, wat na vore tree: Lt genl. RHD (Bob) Rodgers, Hoof van die Lugmag, brig. P (Piet) Letley, Direkteur Operasies Lugmag, kol. DJ (Dennis) Earp, Senior Stafoffisier Operasies, kmdt. C (Blackie) de Swardt, Stafoffisier Operasies, kol. JP (Jules) Moolman, Bevelvoerder 1 Lugkomponent Rundu, kmdt. Matie van der Linde, tweede in bevel 1 Lugkomponent, kmdt. Julius Kriel, Stafoffisier Operasies Rundu, kol. DJ (Dan) Zeeman wat by kol. Jules Moolman oorgeneem het. 1 Lugkomponent is herdoop tot 301 Lugkomponent. Kmdt. LW Theron was die bevelvoerder van 92 Taktiese Vliegveldeenheid op Grootfontein. Op sy eie manier het elk van die bostaande senior offisiere 'n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse Lugmag se oorlogspoging tydens operasie Savannah gelewer.[10]

---

9 Debatte van die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, **Hansard**, 1/76, 26 Januarie 1976. Vgl. ook Spies, pp. 259-76.

10 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met genls. Bob Rodgers, Dennis Earp, Blackie de Swardt, Julius Kriel en kol. Matie van der Linde.

'n Ander faset wat aandag verdien, is die feit dat daar van die Suid-Afrikaanse Weermag direkte opdragte aan die Suid-Afrikaanse Lugmag gegee is om 'n lugoorlog tot elke prys te verhoed, as gevolg van die feit dat die vyand alreeds oor gesofistikeerde vliegtuie en wapenstelsels beskik het. Die Suid-Afrikaanse Lugmag sou slegs as ondersteuning dien van die leër wat die aanval tydens operasie Savannah sou loods. Waar die hele vloot van die Suid-Afrikaanse Lugmag beskikbaar was vir die operasie, is van die vegters en bomwerpereskaders dus vir 'n noodgeval op bystand gehou op Windhoek en Grootfontein. Ten einde die optrede van die lugmag so verteenwoordigend as moontlik te hou, is radar en ander lugverdedigingstelsels vir die eerste keer in Namibië ontplooi - 'n ontplooiing wat op permanente wyse sou voortduur totdat die Suid-Afrikaanse Lugmag in 1989 finaal uit die gebied onttrek het.

As daar inleidend gekyk word na die rol van die lugmag tydens die operasie, kom die volgende optredes duidelik na vore, naamlik bevoorrading, troepering, lugverkenning, lugfotoverkenning, taktiese lugsteun, die rig van artillerievuur en die afvoer van gewondes. Uit bogenoemde blyk dit weereens dat die lugmag ter ondersteuning van die grondtroepe opgetree het en beslis nie met die skerp kant van die vegters en bomwerpers tot die stryd wou toetree nie.

Blackie de Swardt verduidelik wat hy "die yslike proses van die lugmag" noem. Alle bevoorrading en troepering vir Operasie Savannah is hoofsaaklik vanaf twee sentra, naamlik Pretoria in Suid-Afrika en Kinshasha in die Kongo, gedoen.[11] Vanaf laasgenoemde is Amerikaanse voorraad deur die Suid-Afrikaanse Lugmag se transportvliegtuie na die oorlogsgebiede in die noorde van Angola (Cabinda en die FNLA) asook na die res van Angola gevlieg. Vanaf Pretoria is bevoorrading en troepering na Grootfontein vervoer, wat as die voorste versamelgebied gebruik is. Hiervandaan is dieselfde proses herhaal na veral twee stede in Angola, naamlik Sela en Silva Porta (Bie). Die afstande waarvan hier gepraat word, is enorm: vanaf Pretoria na Grootfontein is dit 670 seemyl of 1242 km en vanaf Grootfontein na Sela 520 seemyl of 963 km. Ten einde perspektief op die hele proses te plaas moet die volgende in gedagte gehou word: Die afstand van Pretoria na Grootfontein is net korter as dié van Londen na Moskou en die van Grootfontein na Sela net korter as die van Johannesburg na Harare in Zimbabwe.[12]

[11] **Persoonlike Versameling**. Bandopname van onderhoude met genl. Blackie de Swardt.
[12] Geldenhuys, pp. 40-1. Vgl. ook Spies, p. 171.

In sy interessante werk oor operasie Savannah kyk die militêre historikus FJ du Toit Spies na die vrag wat die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende hierdie operasie verskuif het en vergelyk dit dan met die Suid-Afrikaanse roemryke optrede tydens die bekende Berlynse lugbrug.

Die lugmag het tussen Oktober 1975 en Maart 1976 2100 ton vrag en 2800 passasiers van Suid-Afrika na Grootfontein vervoer. Vyf groot vragvliegtuie het in die bestek van ongeveer ses maande 6500 ton vrag en 5300 passasiers na die operasionele gebied vervoer. Met sy deelname aan die Berlynse Lugbrug, waarop die Suid-Afrikaanse Lugmag met reg trots is, het 10 spanne 8333 ton vrag binne agt maande vervoer, met 'n gemiddelde afstand van 170 seemyl (315 km.) per vlug.[13]

As daar nou na die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens operasie Savannah gekyk word, is dit duidelik dat daar drie verskillende fasette na vore tree:

1. Die optrede in die suide van Angola tot by Luanda.
2. Die optrede in die Cabindastreek in die Noorde.
3. Die finale onttrekking van die Portugese uit Angola.

Wat die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die noorde betref was daar personeel gestasioneer. De Wet Roos en Ken Snowball het as skakeloffisiere tussen die SA Lugmag en Holden Roberto se FNLA gedien en moes terselfdertyd die gebruik van die lughawe by Ambriz verseker vir die Suid-Afrikaanse Lugmagvliegtuie wat vir aanvulling daar moes land.[14] In daardie stadium is die FNLA bygestaan deur blanke Portugese troepe, asook troepe van Zaïre. Na die mislukking van die groot aanval op Luanda het dit spoedig duidelik geword dat die swaargelaaide C130 Herculesvliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag nie weer op die sandstrand kon land nie, omdat die aanloopbane nie meer veilig was nie. Onder die leiding van Ken Snowball is die lugmagkontingent uit die noorde onttrek en het daar 'n einde aan hierdie deel van die optrede gekom. Volledigheidshalwe kan daar net bygevoeg word dat die onttrekking van die Suid-Afrikaanse hulp, asook Suid-Afrika se finale onttrekking na afloop van die Operasie Savannah, die finale spyker in die doodskis van die voortbestaan van die FNLA was. Hulle is eenvoudig deur die MPLA en die Kubane oorrompel en het opgehou om enige betekenisvolle rol in die verdere geskiedenis van Angola te speel.

13 Spies, p. 171.
14 **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met genl. Ken Snowball.

Die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die suidelike dele van Angola is deur spesifieke vliegtuie gedoen. Die vliegtuie wat ongetwyfeld uit 'n Suid-Afrikaanse hoek gesien, die grootste rol gespeel het, was die vragvliegtuie. Soos reeds genoem, het hulle nie slegs uit Suid-Afrika na die gevegsone geopereer nie, maar moes aanvulling van voorraad ook van Kinshasha gedoen word. Daarby is die vragvliegtuie, waaronder die Dakota, die C130 en C160, ook in die gevegsone self gebruik. Dit is veral in hierdie gevegsteater dat die vragvliegtuie dikwels onder die moeilikste omstandighede aangewend is en daarby was die vliegure van die vlieëniers lank en uitputtend. Dit is dus geen wonder dat een van die Suid-Afrikaanse vlieëniers, Jimmy Groenewald 'n rekord van 100 vliegure in 12 dae en 680 vliegure gedurende die hele operasie van 4 maande kon opstel nie.[15]

Die vragvliegtuie is hoofsaaklik gebruik om aanvulling te doen. Met die uitbreek van die vyandelikhede is daar, benewens troepering, veral gekonsentreer op pantserkarre en ammunisie. Elke vrag van die groot C130- en C160-vliegtuie het twee Elandpantserkarre plus hulle eie ammunisie behels. Die bemannings van die vliegtuie het die proses van die in- en uitlaai later so vervolmaak dat 'n Elandkar en sy ammunisie in ±4 minute afgelaai kon word. Dit kon alleen vermag word omdat die vliegtuig nie eens afgeskakel het op die aanloopbaan nie, terwyl die pantsermotors sommer so in die beweeg afgery het en die ammunisie wat op spesiale geboude palette was, net afgetrek is. So was die vliegtuie dan binne enkele minute weer gereed om te vertrek. Ook wat die vervoer van die kanonne betref, het die Suid-Afrikaanse bemannings baie naby aan rekords gekom, want hulle kon daarin slaag om binne 15 minute die kanonne in te laai, terwyl die aflaai slegs 11 minute in beslag geneem het.

Hierdie flinke optrede van die bemannings het veroorsaak dat daar dikwels soveel as vier uitvlugte per dag van Grootfontein na Sela en Silva Porta gedoen kon word. Die bemannings het so vroeg aan die werk gespring dat hulle al met eerste lig op Sela geland het. Een van die CIA-mense kon nie glo dat vier uitvlugte van hierdie aard en omvang met een vliegtuig moontlik was nie - tewens, hy kon nie oortuig word dat die taak nie met 'n paar Flossies afgehandel word nie.[16]

Dit was tydens een van hierdie uitvlugte in Operasie Savannah dat die bevelvoerder van 'n C130, Jimmy Groenewald, en sy bemanning by Rundu baie benoude oomblikke beleef het. Met die gereedmaak vir die landing wou die wiele nie uitkom nie. Die Flossie was propvol gelaai met personeel, ammunisie, brandstof en pantserkarre - in enige terme het dit 'n groot ramp voorspel. Vir meer as 'n uur lank

15 **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met kol. Jimmy Groenewald.
16 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met kols. "Tinkie" Jones, "Spof" Fee, Jan Delport en Giel Hoon.

het Groenewald in die lug rondgevlieg in 'n poging om die brandstof aan boord te verminder. Tydens hierdie proses het hy elke moontlike noodprosedure en kennis van jarelange transportvliegtuie toegepas in 'n poging om die saak te beredder, maar die wiele wou nie beweeg nie. Ten einde raad is die laaste noodprosedure in werking gestel deurdat panele in die kajuit van die vliegtuig geopen is en die wiele per hand uitgestoot is. Nodeloos om te sê dat 'n diep dankbare, maar natgeswete Groenewald veilig op Rundu geland het.[17]

Die tweede tipe vliegtuig wat die lugmag tydens Operasie Savannah gebruik het, was die Cessna 185, hoofsaaklik in die rol van taktiese lugverkenning, die afvoer van gewondes en die vervoer van senior personeel. Die Cessnas en hulle vlieëniers is na die verskillende veggroepe van die leër oorgeplaas waar hulle uitstekende werk verrig het tot aan die einde van die operasie.[18]

Die helikopters is ook tydens operasie Savannah deur die lugmag gebruik. Hulle is hoofsaaklik aangewend vir troepering, bevoorrading, die afvoer van gewondes en in die geval van die Alouettegeskuthelikopter ook ter verdediging van eie stellings. Aanvanklik is die Super Frelonhelikopter in die suidooste van Angola ontplooi, maar 'n paar faktore het veroorsaak dat hy spoedig uit die gebied onttrek is en met die Puma vervang is. Van die vernaamste redes vir sy onttrekking was oorverhitting en dat hy lomp en groot en dus baie kwesbaar was. Gedurende die hele operasie het die Pumas en ook die Alouette III-helikopters waardevolle werk verrig en reeds in daardie stadium aangetoon waarom hulle so 'n kernbelangrike rol in die res van die "grensoorlogtydperk" sou speel.[19] Tydens die haastige onttrekking van die Suid-Afrikaanse troepe vanaf Umbriz na die vlootskip **SAS Pres. Steyn**, het die Puma bewys gelewer dat hy veral in tye van nood 'n waardevolle uitkoms kon bied. Die laaste tipe helikopter wat die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens die operasie gebruik het, was die WASP wat vanaf Suid-Afrikaanse vlootfregatte gewerk het. Hulle was hoofsaaklik in die suidelike en noordelike kusgebiede van Angola met troepering en die afvoer van gewondes besig.

Gedurende Operasie Savannah is die Harvards vir 'n kort tydperk net in die suide in die rol van grondaanvalle gebruik. Omdat die bevel van die Suid-Afrikaanse Weermag geen lugoorlog wou ontketen nie, en die Harvards eerder 'n oorlas as 'n bate in so 'n tipe oorlog was, is hulle spoedig aan die gebied onttrek. In hierdie tydperk kon die Harvard as opleidingsvliegtuig nog waardevolle werk verrig, maar

---

17 **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met kol. Jimmy Groenewald.

18 Spies, pp. 168-70. Vgl. ook **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met genl. Derick Spolander.

19 **Ibid**., pp. 169-70. Vgl. ook **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met genl. HAP Potgieter, kol. "Hojan" Cronjé, maj. Heinz Katzke, sers.-maj. "Bachus" Rautenbach en maj. "Monster" Wilkens.

as skerppunt op die grens, en veral in 'n moderne oorlogsituasie, was hulle letterlik in almal se pad.

Kol. Bakkies Smit was een van die vlieëniers wat gedurende hierdie kort tydperk betrokke was by die Harvards se optrede tydens Operasie Savannah. Die hele bemanning het so 'n week voor die tyd na die operasionele gebied vertrek waar hulle vanaf die begin van Januarie 1976 moes toesien dat die Harvards operasioneel aangewend word. Die heel grootste probleem was dat die Harvards as opleidingsvliegtuie in helder kleure geverf was – 'n situasie wat juis gedurende operasionele omstandighede vermy moes word. Maar aan entoesiasme en innoverende denke ontbreek dit nooit by 'n lugmagman van die Suid-Afrikaanse Lugmag nie, want die hele bemanning, vlieëniers inkluis, het ingespring om met spuitverf die Harvard in 'n "grensvegter"om te tower.

Die Harvards is gedurende hulle kortstondige toer van slegs enkele weke na die operasionele gebied wel op enkele uitvlugte in Angola gebruik, maar was nooit in luggevegte of amptelike vyandighede met 'n vyand betrokke nie. Die agt vlieëniers op hierdie kort bostoer was Martin Rutch, Pete Harvey, Andy Musto, Bakkies Smit, Eugene Kotzé, Ian Henning, Ian Jones en Nouel Evans.[20]

Die laaste tipe vliegtuig wat deur die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende hierdie operasie aangewend is, was die Canberrabomwerper. Daar was slegs een operasie, naamlik op die 10e November 1975 toe Canberras 'n aanval op vyandelike stellings noord van Luanda uitgevoer het. Verder is die vliegtuig hoofsaaklik vir fotoverkenning gebruik en kon die vliegtuie opereer oor 'n gebied waar daar relatief min of geen vyandelike bedreiging in die vorm van lugafweer of vyandelike vliegtuie was nie. Hierdie foto's het letterlik die hele Angola gedek en is later in die "grensoorlog" met groot vrug deur die lugmag gebruik vir beplanning van operasies.[21]

As daar nou in ag geneem word dat daar letterlik duisende vliegure deur die Suid-Afrikaanse bemannings en hulle vliegtuie oor vyandelike gebied gevlieg is, is dit noodwendig so dat daar verliese moes voorkom. Die eerste ongeval van die lugmag was op 29 Oktober 1975 toe kapt. PB (Piet) Uys met 'n Beech Baronvliegtuig in Angola neergestort en omgekom het. By hom in die vliegtuig was kol. DB (Des) Harmse, maj. Nic Visser en kpl. N Butchey, wat al drie gesterf het.[22]

---

20 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met kols. "Bakkies" Smit en Ian Jones.
21 Spies, pp. 171-2. Vgl. ook **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met genl. Bertus Burger.
22 Spies, p. 172, Geldenhuys, pp. 73-4.

Drie dae voor Kersfees, op 22 Desember 1975, is die Puma van maj. Chris Hartzenberg, kapt. John Milbank en v/s Piet O'Niel tydens operasionele optrede raakgeskiet. Hartzenberg vertel dat hulle versterkings vir sekere beheereenhede moes gaan aflaai. Met hierdie taak afgehandel het hulle onder hewige vyandelike vuur gekom waartydens verskeie skote die Puma getref het. Die boordtegnikus, Piet O'Niel, is in sy regterarm en twee keer in die bors getref, maar gelukkig het hy 'n koeëlvaste baadjie gedra. John Milbank, die vlieënier, het sy bes probeer om die Puma van die vyandelike vuur af weg te kry, maar na 'n paar minute se vlieg het die vliegtuig buite beheer geraak. Hy kon tog daarin slaag om 'n noodlanding te doen. In die proses het die stert afgebreek, die helikopter het omgeslaan en aan die brand geslaan. Nie een van die twee vlieëniers kon uit die brandende wrak kom nie, maar die erg gewonde O'Niel het daarin geslaag om Milbank uit die wrak te bevry, waarna hulle gesamentlik vir Hartzenberg uitgetrek het. Nadat hulle enkele meters gevorder het, het die Puma ontplof.

'n Alouette wat in die omgewing was, het oor die wrak gesirkel, maar kon nie die drie bemanningslede sien wat in daardie stadium in die aangrensende rivier weggekruip het nie. Die vlieënier het aan Leërhoofkwartier gerapporteer dat daar geen oorlewendes was nie. Die drie manne het deur die nag in die rigting waar hulle eie magte opgespoor kon word, geloop. By 'n hele paar geleenthede het hulle baie na aan observasieposte van die vyand verbybeweeg en moes hulle in die rivier skuiling soek.

Terwyl hierdie ontvlugting aan die gang was, het 'n heel ander verhaal hom in die basis afgespeel. Omdat daar geen bewyse van enige oorlewendes by die uitgebrande wrak gekry kon word nie, is aanvaar dat die drie bemanningslede van die Puma omgekom het. Getrou aan die aard van die goeie kameradie wat bestaan het, is daar die aand op heel gepaste wyse van hulle afskeid geneem en onder meer het hulle persoonlike besittings gou in ander kaste verdwyn.

Op Kersfeesdag 1975 was die verrassing groot toe die drie doodgewaande bemanningslede van die Puma by 'n Suid-Afrikaanse buitepos opdaag. Die groot vreugde van die wedersiens is so effens gedemp deur die rooi gesigte van die mede-vlieëniers wat skeerseep, tandepasta, skeermasjiene en seep so stil-stil aan die regmatige eienaars moes gaan terugbesorg! Vir sy optrede het Piet O'Niel die **Honorus Crux**-medalje ontvang.[23]

23 **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met sers.-maj. Piet O'Niel. Vgl. ook I Uys, **Cross of Honour** (Germiston, 1992), p. 31.

Tydens 'n geveg bo Ebo op 25 November 1975 is 2/lt EB Thompson en 2/lt KA Williamson in 'n Cessna 185 afgeskiet en het albei gesterf.[24]

Die laaste verlies wat die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens Operasie Savanna gelei het, was een van die mees tragiese hartseerstories in die geskiedenis van die Lugmag. Op 4 Januarie 1976 is 'n Puma van die Suid-Afrikaanse Lugmag deur Suid-Afrikaanse troepe met 'n 20 mm. kanon afgeskiet. Dat daar verskeie teorieë is oor hoekom dit gebeur het, is gewis, maar dit neem nie die ongelukkigheid en hartseer van die gebeurtenis weg nie. "Dit was so onnodig", is die algemene gevoel wat in die harte van sovele van die lugmagmense leef. Die drie lugmagmanne wat in hierdie tragiese omstandighede omgekom het was Ferdie Immelman, Mac de Wit en Bob Kellett, asook verskeie passasiers, waaronder brig. JD Potgieter, die Kommandementsbevelvoerder van die Vrystaat. Kmdt. Martin Verster, die bevelvoerende offisier van 25 eskader, was die enigste passasier wat lewendig uit hierdie ongeluk gekom het. Op 'n hoë hoogte het hy letterlik uit die brandende Puma gespring en die val oorleef, maar was weens ernstige brandwonde nie in staat om gou weer die beheer oor sy eskader oor te neem nie.[25]

Die derde groot optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens operasie Savannah was gedurende die soms oorhaastige en ongeorganiseerde onttrekking van die Portugese uit die gebied. Met die beëindiging van die Portugese heerskappy oor Angola in 1974 het daar letterlik 'n eksodus van blanke Portugese uit die gebied plaasgevind. Dit sal nie onvanpas wees om te verklaar dat duisende Portugese letterlik op enige denkbare wyse en so vinnig as moontlik uit die gebied padgegee het nie. Kmdt. Kobus Huysamen wat saam met sovele ander lugmagmense hierdie vlugproses met afgryse dopgehou het, onthou goed dat die mense soos reddelose skape voorgekom het wat in die meeste gevalle net die klere aan hulle lywe gehad het.[26] Hierdie proses het hom hoofsaaklik op twee maniere afgespeel. In die eerste plek het die Portugese probeer om op eie stoom by die grens van Namibië uit te kom, waar hulle dan deur Suid-Afrikaanse Weermagpersoneel gehelp is. Daar word vertel dat sekere van die inwoners letterlik al hulle voertuie agtermekaar vasgemaak het en dit dan met die voorste een getrek het. Sodra dit breek of sonder brandstof gaan staan, is die proses bloot met 'n tweede voertuig herhaal.[27]

24 Spies, p. 13.
25 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met genls. Ian Gleeson, Dennis Earp en Blackie de Swardt.
26 **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met kol. Kobus Huysamen.
27 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met kols, Johan Blaauw (Valskermbataljon) en Jan Breytenbach.

Heelwat van die Portugese het aan die Weskus probeer wegvlug en het gesukkel om oor die breë Kunénemonding te kom. Hulle het innoverend opgetree deur 'n vlot te bou waarmee die meeste van die voertuie oor die rivier geneem kon word. Aan die Namibiese kant van die grens het heelwat van die voertuie gebreek. Dit kan ook aanvaar word dat hulle maar skrikkerig was om die lang tog suidwaarts al langs die Skedelkus af aan te pak. Dit is tydens hierdie proses dat daar nie minder nie as sewentien langafstand verkenningsvlugte al langs die Namibiese en Angolese kuslyn deur Shackletons uitgevoer is om met die redding van die Portugese te help. Tydens een so 'n vlug kon die bemanning van 'n Shackleton duidelik die woord "BREAD" uitmaak soos die vlugtelinge dit met groot moeite in die sand geskryf het - dit het daartoe gelei dat die nodige aanvullings deur die Suid-Afrikaanse Lugmag gedoen kon word. Daar moet ook net daarop gewys word dat verskeie van die blanke Portugese probeer het om op enige dryfbare ding oor die see na Namibië te vaar. Ook hier het die lugmag sy kant gebring, want 'n hele klomp uitvlugte is met Shackletons oor die Atlantiese Oseaan onderneem in 'n poging om die vlugtelinge op oorlaaide bote van hulp te wees.[28]

Die grootste rol van die lugmag tydens die blanke Portugese se vlug suidwaarts is die ontruiming wat daar met die Hercules C130- en Transall C160-vliegtuie plaasgevind het. Van die Portugese wat dit nie op eie stoom na die grens van Namibië en selfs ook na die Republiek van Suid-Afrika kon maak nie, is vanaf verskeie lughawens vervoer. Daar word konserwatief bereken dat vanaf Augustus 1975 tot Januarie 1976 nie minder nie as 4 500 Portugese deur die Suid-Afrikaanse Lugmag uit Angola na die suide vervoer is.

Die vlieëniers wat in hierdie stadium die transportvliegtuie geloods het, vertel stories wat die hare laat regop staan. By verskeie geleenthede is heelwat meer passasiers op die vliegtuie gelaai as wat enigsins voorgeskryf word. So was daar een uitvlug vanaf Pereira de Eça (Ongiva) waarin nie minder nie as 141 passasiers plus hulle bagasie en die bemanning van 6 in 'n C130 was, terwyl die voorgeskrewe getal passasiers op 92 sitplekke bereken is. So was daar ook verskeie vlugte in die Transall waar die vlieënier maar oë en ore toegeknyp het as die passasiers die aanvaarde norm met tientalle oorskry het - die argument was deurgaans dat daar 'n noodsituasie geheers het en dat die mense so gou as moontlik suidwaarts ontruim moes word.[29] Die bestaande norme is dus tot die uiterste gerek om die doelwitte te bereik.

---

28 Spies, pp. 298-330.
29 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met kols. Jimmy Groenewald, "Tinkie" Jones, "Spof" Fee, Jan Delport, e.a.

Die laaste taak waarmee die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens Operasie Savannah van hulp was, was die finale onttrekking van die troepe en voorraad uit die gebied. Waar die lugmag met die inval aktief daarby betrokke was om troepering te doen en voorrade in te vlieg, was die finale onttrekking nie so haastig nie en het die meeste troepe en hulle voorraad self in voertuie na die noordgrens van Namibië beweeg. In slegs enkele gevalle is van die lugmag gebruik gemaak. Teen Maart 1976 was al die Suid-Afrikaanse magte weer op Namibiese grondgebied en het Operasie Savannah daarmee tot 'n einde gekom.

Dit is nou van belang om kortliks te let op die vernaamste lesse wat hierdie operasie spesifiek vir die Suid-Afrikaanse Lugmag kon inhou.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog was Operasie Savannah die eerste werklike groot militêre operasie waarin die Suid-Afrikaanse Lugmag betrokke geraak het. Min militêre stratege sou seker kon voorspel dat die operasie wat as 'n klein oorgrensoptrede begin het, uiteindelik sulke afmetings in terme van optrede en mannekrag sou aanneem. Die les wat Dennis Earp vir die lugmag hieruit geleer het, was dat 'n moderne oorlog nie gevoer kan word met hoofsaaklik 'n klomp onpadwaardige vragmotors wat die leër in 'n gebied instuur nie.[30] In 'n moderne militêre stryd sou die lugmag 'n onontbeerlike faset word, tewens die afleiding na Savannah was dat operasies nie bedryf kan word sonder die aktiewe hulp van die kant van die Suid-Afrikaanse Lugmag nie.

Vanaf lugmagkant het dit onmiddellik 'n hele verskeidenheid van prosesse aan die gang gesit. In die meeste gevalle was die doktrines totaal verouderd en moes herskryf word, sodat ook die profiele van aanvalle en verdediging hierby aangepas kon word. Verdere optredes vanaf lugmagkant het beteken dat daar daadwerklik aan die logistiese sy aandag gegee moes word. Die lugmagmanne wat in Operasie Savannah betrokke was, sal nog goed kan onthou dat die voorsiening van rantsoene nie altyd so goed verloop het nie. By Rundu was daar byvoorbeeld gedurende hierdie tydperk net soveel eiers beskikbaar as wat deur die mense verorber kon word. Terselfdertyd was al die wors, van boerewors tot Russians en weense worsies, tot groot ontsteltenis van die lugmagmanne, by Ondangwa beskikbaar. Die optrede van die lugmag tydens Operasie Savannah het die organisasie geleer dat die behoeftes aan logistieke ondersteuning binne enkele dae of selfs ure radikaal kon verander; dat die verbindingslyne met die noorde van Namibië en die suide van Angola besonder lank was; dat die grondbemanning eenvoudig beter en meer doeltreffend opgelei moes word; dat dit nie gehelp het om bomme te voorsien wat

30 **Persoonlike versameling**. Bandopname van onderhoud met genl. Dennis Earp.

nie afgaan nie en dat die tegniese sy van die logistiese ondersteuning eenvoudig moes verbeter.[31]

Ander waardevolle lesse wat die lugmag met Operasie Savannah geleer het, was die feit dat die voorste basisse, en dan veral Ondangwa, baie vinniger moes ontwikkel om in die veranderende behoeftes van die lugmag te voorsien. Toe dit vir die lugmag se topstruktuur al hoe duidelik begin word dat hulle toenemend by die vyandelikhede betrokke sou raak, moes die voorste basis vinnig gemoderniseer en aangepas word ten einde aan die gestelde behoeftes te kon voldoen. Met die oog op moontlike oorgrensoperasies was hierdie beplanning tydig. Daar moes egter terselfdertyd in gedagte gehou word dat die tuisbasisse ook die nodige beskerming van vyandelike aanvalle moes geniet - 'n fyn spel dus om so na as moontlik aan die potensiële vyand jou lugmagbasisse in te rig, maar dan ook die basisse effektief te beskerm.

Die feit dat goeie kommunikasie tydens vyandelike optrede van die uiterste belang is, was een van die vernaamste lesse wat die lugmag uit die optrede van vier maande in Angola geleer het. Gebrekkige kommunikasie het dikwels daartoe aanleiding gegee dat operasies 'n mislukking was, dat eie magte op mekaar begin skiet het en dat die bevel en beheersisteme dikwels totaal in duie gestort het. Deur middel van daadwerklike pogings het die lugmag daarin geslaag om met die verloop van die "grensoorlog" hierdie negatiewe proses van gebrekkige kommunikasie op effektiewe wyse uit die weg te ruim.

Die laaste les wat daar vir die lugmag te leer was, was dalk met die oog op die toekoms die belangrikste. Tot voor Savannah was daar dikwels baie skerp verdelingslyne tussen die verskillende lugmaglede. 'n Mens sou selfs kon praat van 'n professionele jaloesie wat daar tussen die helikopter-, die transport- en die vegterbemannings was. Die feit dat daar vir dekades lank vrede geheers het, het beteken dat daar isolasie tussen die verskillende groepe ingetree het en dat dit dikwels tot 'n effe geniepsige houding tussen die verskillende bemannings, maar dan hoofsaaklik die vlieëniers, aanleiding gegee het. Operasie Savannah en die lugmag se deelname daaraan het egter veroorsaak dat die besef baie gou begin posvat het dat die verskillende groepe nie langer die luukse van verdeeldheid kon bekostig nie. Vanweë die geïntegreerdheid van die Suid-Afrikaanse Lugmag het dit noodwendig beteken dat die "Chopperdrywers", transportvlieëniers en "vlamgatte" vir hulle oorlewing op mekaar aangewys was. Die een groep het die ander dikwels uit die moeilikste omstandighede gaan help of gered en die skerp verdelingslyne het spoedig vervaag.

---

31 **Persoonlike versameling**. Bandopnames van onderhoude met sers.-maj. "Soutie" Sowden, kol. "Ertjies" Penzhorn en genl. HAP Potgieter.

Die goedige gespot was steeds daar en was bevorderlik vir die onderlinge kameraderie wat so noodsaaklik was in 'n oorlogsituasie. Maar daarmee saam het die besef gekom dat elke lid van die Suid-Afrikaanse Lugmag van sy medelugmagman afhanklik is en dat die sukses van die optrede van die lugmag in samewerking en kameraderie lê.

Uit bostaande is die hipotese eenvoudig: die SALM se optrede tydens Operasie Savannah was geen noodsaaklike ergernis nie. Tydens en veral na die operasie het dit vir die strateë duidelik geword dat moderne militêre operasies in Afrika sonder die aktiewe steun en onderskraging van 'n goed toegeruste lugmag, 'n saak van totale onmoontlikheid was. Die moderne doktrines het veroorsaak dat daar juis baie nouer skakeling tussen die verskillende weermagsdele moes wees. En daarby het die troepe op die grond baie gou geleer dat die swaar transportvliegtuie, welkome voorrade en versterkings bring; dat die Pumas aanvullings op die mees onbegaanbare tye en plekke kan doen en dat die Alouette in die rol van 'n geskuthelikopter in noodsituasies lewens kan red.

Tydens Operasie Savannah het die SALM die eenvoudige waarheid prakties bewys - in so 'n operasie is die lugmag meer as relevant, dit word in 'n bepalende mate die spil waarom die militêre optrede draai.